DIE VERSKIL TUSSEN

‘n Parogie, ‘n Katedraal, ‘n Basiliek & ‘n Heiligdom

PAROGIE

'n Parogie behels ’n spesifieke groep Katolieke gelowiges oftewel lidmate wat binne 'n bepaalde gebied woon; die pastorale sorg van die lidmate word aan 'n Parogiepriester toevertrou onder die gesag van die plaaslike Biskop.

KATEDRAAL

'n Katedraal is die hoofkerk van 'n Bisdom (die katedra waarvan die naam katedraal afgelei is, is die Biskop se stoel). Gewoonlik stel die Biskop ‘n administrateur aan vir die geestelike versorging en bestuur van die katedraal-parogie. Sommige Katedrale beskik oor ‘n groep kanunnike (priesters) wat deur die Biskop benoem word en by spesiale geleenthede seker liturgiese funksies vervul.

BASILIEK

Die woord Basiliek (afgelei van die Romeinse Basilika-bouvorm) word gebruik om kerke van historiese en geestelike belang te identifiseer. Daar word onderskei tussen meerdere– en mindere Basilieke en gewoonlik is die Basilieke ook pelgrimsplekke.

HEILIGDOM

'n Heiligdom kan 'n kerk of bedevaartsoord wees wat verbind word met die een of ander belangrike geestelike gebeurtenis of plek soos die verskyning van die Maagd Maria, of graf van ’n heilige, of ’n plek waar die een of ander wonderwerk plaasgevind het. Mense kom op pelgrimstogte na heiligdomme en bring dikwels ‘n tydjie op retrêt of in besinning daar deur.